adMaths
Have the edge at university

Tel 021 981 0595
Fax 021 981 5239
E-mail info@admaths.co.za
Web www.admaths.co.za

Address 61 Protea Road
Protea Heights
Brackenfell
7560

11 September 2020

Geagte Ouer / Voog van ‘n Hoërskool Wiskunde uitblinker

AdMaths is ‘n ekstra *vak* en nie ‘n ekstra *klas* in skoolwiskunde nie. Die oogmerk van die vak is om ‘n leerder, wat reeds sterk is in Wiskunde of ‘n groot belangstelling daarin het, addisioneel tot die skoolsillabus te stimuleer en te verryk.

Waarom word AdMaths aanbeveel?

Baie studente getuig dat skoolwiskunde hulle nie voldoende voorberei het vir eerstejaarswiskunde op universiteit nie. Alhoewel hulle 80% gekry het op skool, sukkel hulle om aan te pas op universiteit, veral in die eerste ses maande. Verryking addisioneel tot die KABV-kurrikulum is hoogs aanbevole vir rigtings soos Ingenieurswese, B.Sc., B.Comm. en Aktuariële Wetenskap. AdMaths help om die leemte te vul wat gelaat is met die afskaffing van Wiskunde Hoër Graad in 2007 en dit bied ‘n groter uitdaging aan die skrander, maar verveelde leerder.

Hoe werk die vak se studiemateriaal en assessering?

Alle leerders verkry toegang tot dieselfde hulpbronne op hul profiele by www.admaths.co.za, ongeag watter modus van onderrig ‘n kliënt verkies:

1. Studiemateriaal met volledige oplossings in PDF-formaat beskikbaar in Afrikaans of Engels. Die handboekweergawe kan aangeskaf word by www.admathsretail.co.za.
2. Die *PowerPoint*-weergawe van hierdie studiemateriaal.
3. Vooraf-opgeneemde videolesings aangebied deur ervare onderwysers.

Leerders skryf in die eerste en derde kwartaal ‘n toets en in die tweede en vierde kwartaal ‘n eksamen by die naaste eksamensentrum op ‘n vooraf-vasgestelde datum. Informele assessering (“tutoriale”) word ook ingedien.

Is daar in-die-persoon kontaksessies?

Vir inligting oor u naaste sentrum besoek www.admaths.co.za -> *CLASS ACCESS CENTRES.* Die kontaksessies (*Diamant* en *Goud* pakkette) vind een keer per week in kwartaaltyd plaas en is 1½ uur lank. Graad 8 klasse is 1 uur lank. Leerders wat te ver van ‘n sentrum woonagtig is of wie se program bots met die klastyd, woon regstreekse webinare by (*Silwer* pakket). Op die *Brons* pakket werk ‘n leerder die studiemateriaal self deur in pas met die kwartaalbeplanning.

Kry leerders erkenning?

AdMaths reik ‘n sertifikaat uit vir suksesvolle aflegging van die Graad 12 AdMaths Interne Eindeksamen. Graad 12s wat ‘n eksterne eindeksamen wil skryf, word deur ons geregistreer vir die IEB se AP Maths. Hierdie sertifikaat word oorsee en by WITS erken. Baie universiteite se voubiljette maak vermelding van addisionele wiskunde as hoogs aanbevole vir wiskundige rigtings. AdMaths stuur elke kwartaal die leerder se punt na sy/haar skool, tensy die kliënt spesifiek vra dat ons dit nie doen nie. Baie skole plaas die punt op die skoolrapport, maar by die meeste skole beïnvloed die AdMaths-punt nie ‘n leerder se algehele gemiddelde nie.

Wanneer begin die Graad 9-11 2021 program?

Dit begin in die week van 1-5 Februarie 2021. Graad 8 begin eers later.

Hoe en teen wanneer moet u registreer?

Doen asseblief aansoek by www.admaths.co.za -> *Apply* en betaal die **R450 registrasiefooi** teen die laatste ***Vrydag 29 Januarie 2021***. Die uitslag van u aansoek is binne 2 werksdae beskikbaar. Die betalingsbesonderhede en kontrak word dan aan u ge-e-pos.

"*EARLY BIRD SPECIAL*" – Registreer en betaal R300 registrasiefooi teen Vrydag 13 November 2020.

Pakkette en fooie

Vind ingesluit by hierdie korrespondensie 'n blad wat uitbrei oor die *Diamant*, *Goud*, *Silwer* en *Brons* pakkette met hul onderskeie maandfooie.

(Bv) Graad 10 AdMaths op die *Goud*-pakket kos R5775, wat die som is van 11 betalings van R525 elk van 1 Februarie tot 1 Desember. Graad 11 nuwelinge sonder enige Graad 10 agtergrond betaal ekstra vir Graad 10 studiemateriaal.

Alle pakkette bied toegang tot die basiese hulpbronne soos vermeld hierbo.

Teken u 'n kontrak met AdMaths?

Ja. Die kontrak mag beëindig word deur binne sekere maande 'n maand skriftelike kennis van bedanking te gee by system@admaths.co.za. Daar mag ook tussen pakkette migreer word.

Wat gebeur aan die einde van 'n jaar?

Daar is 'n R150 administratiewe fooi betaalbaar om die kontrak met nog 'n jaar te verleng. Neem verder kennis dat die bestaan van sentrumklasse onderhewig is aan die aantal leerders wat vir die klas registreer.

Nog 'n paar redes hoekom u AdMaths sterk moet oorweeg:

1. Wiskunde Hoër Graad is in 2007 vir die laaste keer geëksamineer.
2. Prof. Johann Engelbrecht, wiskundige aan die Universiteit van Pretoria en deeltydse uitvoerende direkteur van die Suid-Afrikaanse Wiskunde-stigting glo Wiskunde se standaard is tans iets tussen die destydse Hoër Graad en Standaard Graad.
3. AdMaths stimuleer kinders se probleemoplossingsvaardighede.
4. AdMaths bied meer stimulasie aan 'n leerder wat moontlik verveeld is met skoolwiskunde.
5. AdMaths help leerders geweldig baie met hul skoolwiskunde. Dit maak hulle skerper en laat hulle vinniger snap. Dit dra dus by tot verbeterde prestasie in Wiskunde.
6. AdMaths benodig 'n groot mate van onafhanklikheid. Dit is 'n belegging vir universiteit – nie net wat die wiskunde betref nie, maar ook die selforganisasie wat daarmee gepaard gaan.
7. Matie-student: "Hallo mnr!!! Universiteitswiskunde sonder AdMaths sou 'n nagmerrie gewees het!!" - Danielle Simpson (H/S DF Malan)

Vir meer inligting raadpleeg www.admaths.co.za of e-pos system@admaths.co.za.

Vriendelike groete

Jean Nico de Villiers
(stigter, eienaar, bestuurder)